



DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU
 DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS AND FORESTRY
 REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA / REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



JD
 DW 1

RESIDENSIEGEBOU / BUILDING, SCHOEMANSTRAAT 185 SCHOEMAN STREET


Fax: (012) 326-1780
 (012) 323-4472

Privaat Sak X313
 Private Bag
 Pretoria
 0001

Navrae: ME Ligthelm
 Enquiries: 299-2482
 Verwysing: B33/2/900/3/S
 Reference:

1995-03-17

Regional Director: Western Cape
 Department of Water Affairs and Forestry
 Private Bag X9075
 CAPE TOWN
 9300



ATTENTION: ASSISTANT DIRECTOR: SOLID WASTE

PERMIT IN TERMS OF SECTION 20(1) OF THE ENVIRONMENT
 CONSERVATION ACT, 1989 (ACT 73 OF 1989)

Attached hereto is Permit B33/2/900/3/S/P167 for the disposal of waste on the Grootkop
 (Oudtshoorn) site, District of Oudtshoorn.


 DIRECTOR-GENERAL

LE

Rig asseblief alle korrespondensie aan die Direkteur-generaal by die adres hierbo
 Please direct all correspondence to the Director-General at the above address.

25/3/95 deb.a



DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU
DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS AND FORESTRY
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA / REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



DW.1

RESIDENSIEGEBOU / BUILDING, SCHOEMANSTRAAT 185 SCHOEMAN STREET

Fax: (012) 326-1780
(012) 323-4472

Privaat Sak X313
Private Bag
Pretoria
0001

Navrae: L.A. EICHSTADT
Enquiries:

(021) 45-7330

Verwysing: B33/2/900/3/S
Reference:

1995-03-17

PERMITNOMMER: B33/2/900/3/S/P167
KLAS: G:M:B
AFVALSTORTTERREIN: GROOTKOP (OUDTSHOORN)
LIGGING: GEDEELTE VAN DIE RESTANT VAN ERF 1,
DISTRIK OUDTSHOORN.
PERMITHOUER: MUNISIPALITEIT VAN OUDTSHOORN
ADRES: POSBUS 255, OUDTSHOORN, 6620.

PERMIT KRAGTENS ARTIKEL 20 VAN DIE WET OP OMGEWINGSBEWARING, 1989 (WET 73 VAN 1989)

Kragtens die bevoegdheid aan my gedelegeer deur die Minister van Waterwese en Bosbou (hierin na verwys as "die Minister"), verleen ek, Wouter van der Merwe, in my hoedanigheid van Bestuurder: Wetenskaplike Dienste van die Departement van Waterwese en Bosbou (hierna genoem "die Departement"), hiermee, kragtens artikel 20 (1) van die Wet op Omgewingsbewaring, 1989 (Wet 73 van 1989), toestemming aan die Munisipaliteit van Oudtshoorn vir die bedryf en verdere ontwikkeling van die Grootkop (Oudtshoorn)-afvalstortterrein, onderworpe aan die voorwaardes wat in hierdie Permit uiteengesit is.

PERMITVOORWAARDES

In hierdie Permit beteken "Streekdirekteur" die Streekdirekteur: Wes-Kaap van die Departement by die volgende adres:

Streekdirekteur: Wes-Kaap
Departement van Waterwese en Bosbou
Privaat Sak X9075
KAAPSTAD
8000

1. LIGGING

- 1.1 Hierdie Permit magtig die bedryf en verdere ontwikkeling van 'n afvalstortterrein op 'n gedeelte van die Restant van Erf 1, Distrik Oudtshoorn (hierna genoem "die Terrein") in ooreenstemming met die verslag, gedateer 26 Julie 1994 (hierna genoem "die Verslag"), deur die Permithouer voorgelê.

Die grense van die Terrein sal wees soos aangedui op plan nommer ST-94/7-P1 gedateer Julie 1994, deur die Permithouer voorgelê.

2. TOELAATBARE AFVAL

- 2.1 Die Terrein mag gebruik word vir die storting van alle tipes afval met uitsondering van afval gelys in Aanhangsel I en afval waaroor spesifieke beheer uitgeoefen word kragtens die Wet op Kernenergie, 1982 (Wet 92 van 1982). Afvaltipes waaroor beheer uitgeoefen word kragtens die Minerale Wet, 1991 (Wet 50 van 1991) en die Elektrisiteitswet, 1987 (Wet 41 van 1987) is ook uitgesluit van storting op die Terrein, behalwe waar skriftelike toestemming daarvoor deur die Streekdirekteur verleen is.
- 2.2 Die Permithouer moet alle redelike stappe doen om te verseker dat -
- 2.2.1 geen mediese afval op die Terrein gestort word nie; en
- 2.2.2 geen geskeduleerde farmaseutiese produkte kragtens die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet 101 van 1965) of geassosieerde houers op die Terrein gestort word nie.

3. KONSTRUKSIE

- 3.1 Die Terrein of enige gedeelte daarvan mag uitsluitlik vir die storting van toelaatbare afval gebruik word indien die konstruksie of verdere ontwikkeling van die Terrein of enige sodanige gedeelte in ooreenstemming met voorwaarde 3 van hierdie Permit geskied.
- 3.2 Die konstruksie vir verdere ontwikkeling binne die Terrein moet in ooreenstemming met die goedgekeurde plan nommer ST94/7-P1 gedateer Julie 1994 gedoen word.
- 3.3 Die verdere ontwikkeling binne die Terrein moet plaasvind onder die toesig van 'n voldoende gekwalifiseerde persoon soos deur die Permithouer voorgestel en deur die Streekdirekteur goedgekeur.
- 3.4 Sodra 'n nuwe gedeelte binne die Terrein ontwikkel is, moet die Permithouer die Streekdirekteur in kennis stel en die persoon na wie in voorwaarde 3,3 verwys word, moet die Streekdirekteur voorsien van 'n sertifikaat of alternatiewelik 'n brief dat die konstruksie van die betrokke

gedeelte van die Terrein soos deur die Permithouer voorgestel en deur die Streekdirekteur goedgekeur, gedoen is ooreenkomstig erkende siviele ingenieurspraktyk voordat enige afval op daardie gedeelte van die Terrein gestort mag word. Die voltooide konstruksiewerk van die betrokke gedeelte van die Terrein sal deur 'n beampete van die Departement en die persoon na wie in voorwaarde 3.3 verwys word, geïnspekteer word. Slegs nadat die Streekdirekteur tevrede is met die verdere ontwikkeling binne die Terrein en skriftelike toestemming verleen het, mag die Permithouer daardie gedeelte van die Terrein vir die storting van afval gebruik.

- 3.5 Die Permithouer moet alle redelike maatreëls tref, soos byvoorbeeld geskikte sonering en/of die aangaan van skriftelike ooreenkomste met die omliggende grondeienaars, om 'n buffersone van 800 meter tussen die Terrein en die naaste woon- en/of ligte nywerheidsgebied gedurende die bedryf van die Terrein te vestig en in stand te hou. Swaar nywerhede of nywerhede wat self 'n oorlas mag veroorsaak, kan kragtens toepaslike wetgewing in die buffersone toegelaat word.
- 3.6 Werke moet deur die Permithouer opgerig en gereeld in stand gehou word om alle afloopwater wat aanliggend tot die Terrein kan ontstaan en wat verwag kan word as gevolg van die beraamde maksimum reënval wat gedurende 'n tydperk van 24 uur mag voorkom met 'n gemiddelde frekwensie van een in vyftig jaar (hierna genoem die "beraamde maksimum reënval"), van die Terrein weg te keer en op 'n wettige manier af te voer. Onder die genoemde maksimum reënval moet die werke 'n minimum vryboord van 'n halwe meter handhaaf.
- 3.7 Werke moet deur die Permithouer opgerig en gereeld in stand gehou word om alle afloopwater wat op die Terrein kan ontstaan en wat as gevolg van die beraamde maksimum reënval verwag kan word, van die werkfront van die Terrein weg te keer en af te voer en te verhoed dat die afloopwater met loog in aanraking kom. Onder die genoemde maksimum reënval moet die werke 'n minimum vryboord van 'n halwe meter handhaaf.
- 3.8 Afloopwater waarna in voorwaarde 3.7 verwys word, moet voldoen aan die gehaltevereistes van die Algemene Standaard, soos voorgeskryf ingevolge artikel 21(1)(a) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) soos gepubliseer in Algemene Kennisgewing 991 van 18 Mei 1984 of vereistes wat van tyd tot tyd deur die Minister vasgestel mag word en moet op 'n wettige manier afgevoer word.
- 3.9 Afloopwater waarna in voorwaarde 3.7 verwys word, wat nie aan die gehaltevereistes in voorwaarde 3.8 voldoen nie, asook alle loog, moet deur middel van werke wat deur die Permithouer opgerig is en deurlopend deur hom in stand gehou word -
- 3.9.1 behandel word om aan bogenoemde standaard te voldoen en op 'n wettige manier afgevoer word; en/of,
- 3.9.2 met die skriftelike toestemming van die Streekdirekteur opgevang en behou word vir verdamping in verdampingspanne en/of verdamp word deur besproeiing slegs op die gedeeltes

van die Terrein wat voldoen aan vereistes in voorwaarde 3.1 gestel.

- 3.10 Die Terrein moet ooreenkomstig erkende siviele ingenieurspraktyk opgerig word om die stabiliteit daarvan te verseker.
- 3.11 Die helling van die Terrein moet so ontwikkel word dat weinig of geen erosie plaasvind nie.
- 3.12 Die Permithouer moet voorsiening maak vir toereikende sanitasiegeriewe op die Terrein.

4. TOEGANGSBEHEER

- 4.1 Weerbestande, duursame en duidelik leesbare kennisgewings, in drie amptelike tale soos van toepassing in die gebied, moet by elke toegangspunt tot die Terrein aangebring word. Hierdie kennisgewings moet ongemagtigde toegang verbied en moet die bedryfsure, die naam, adres en telefoonnommer van die Permithouer en van die persoon in beheer van die Terrein aantoon.
- 4.2 Die Terrein moet doeltreffend omhein word ten einde ongemagtigde toegang redelikerwys te voorkom en die rondwaai van papiere en plastiek te beperk.
- 4.3 Die Permithouer moet alle redelike stappe doen om dienspaaie in 'n toestand te onderhou wat onbelemmerde toegang tot die Terrein sal verseker vir voertuie wat afval vervoer en om paaie van afval skoon te hou.
- 4.4 Die Permithouer moet verseker dat alle toegangspunte gedurende bedryfsure beman en na ure gesluit word.
- 4.5 Die Permithouer moet doeltreffende toegangsbeheer toepas.
- 4.6 Die Permithouer moet alle redelike stappe doen om te verseker dat slegs toelaatbare afval waarna in voorwaarde 2 verwys word, op die Terrein gestort word.

5. BEDRYF

- 5.1 Alle afval wat op die Terrein gestort is, moet aan die einde van elke werksdag gekompakteer en met 'n laag grond (of ander materiaal wat deur die Streekdirekteur goedgekeur is) van ten minste 150 millimeter dik bedek word.
- 5.2 Slegs klein hoeveelhede fabrieks- of slagpaalafval mag per geleentheid op die Terrein gestort word. Hierdie afval moet in slote gestort en onmiddellik met grond of ander afval bedek word.
- 5.3 Die Permithouer moet alle redelike maatreëls tref om te verseker dat die Terrein so bedryf word dat geen oorlas of gesondheidsgevaare ontstaan nie.
- 5.4 Die Permithouer moet verskuifbare heinings gebruik om afval

wat deur die wind versprei word, te beheer. Plastieksakke en papiere wat deur die wind versprei kan word, moet daagliks opgetel en verwyder word.

- 5.5 Die Permithouer moet voldoende stofbeheermaatreëls toepas om oorlastoestande en gesondheidsgevaare wat veroorsaak kan word deur stof wat deur die wind versprei word, te voorkom.
- 5.6 Afval wat op die Terrein gestort is, mag herwin word. Die herwinning mag nie die daaglikse bedryfsaktiwiteite van die Terrein belemmer nie.
- 5.7 Die Permithouer moet rekord hou van die volume en aard van die afval wat herwin word en moet dit jaarliks aan die Streekdirekteur rapporteer.

6. MONITERING

- 6.1 'n Boorgatmoniteringstelsel vir die Terrein moet deur die Permithouer tot die tevredenheid van die Streekdirekteur ingestel en in stand gehou word sodat monsters, soos in die Permit vereis, ongehinderd geneem kan word.
- 6.2 Die Permithouer moet gedurende die volgende finansiële jaar beginnende 1 April 1995, 'n boorgat sink, waar die grondwater in die boorgat by 'n verwagte hoër hidrouliese drukvlak geleë is as die hidrouliese drukvlak van die grondwater onder die Terrein, wat as agtergrondmoniteringspunt gebruik kan word. Die ligging van die boorgat moet in oorleg met die Streekdirekteur bepaal word.
- 6.3 Moniteringsboorgate moet voorsien word van sluitbare deksels. Die Departement behou die reg voor om te eniger tyd monsters te neem en te analiseer of te laat analiseer.
- 6.4 Oppervlakwatermonitering moet vir alle stormwaterafloop op en aanliggend tot die Terrein uitgevoer word op plekke wat in oorleg met die Streekdirekteur bepaal is en teen 'n frekwensie soos deur die Streekdirekteur bepaal.
- 6.5 Agtergrondmonitering
 - 6.5.1 Monsters verkry vanaf 'n boorgat soos hierbo vereis, waar die grondwater in die boorgat by 'n verwagte hoër hidrouliese drukvlak geleë is as die hidrouliese drukvlak van die grondwater onder die Terrein word as agtergrondmonitering beskou. Agtergrondmonitering vir grondwater moet tydens elke moniteringsgeleentheid kragtens voorwaardes 6.7, 6.8 of 6.9 uitgevoer word vir die watergehalteveranderlikes soos in Aanhangsel II gelys.
- 6.7 Waarnemingsmonitering
 - 6.7.1 Monitering moet binne 3 dae vanaf 15 Januarie en 15 Julie elke jaar uitgevoer word vir die watergehalteveranderlikes gelys in paragraaf (a) van Aanhangsel III en jaarliks binne 3 dae vanaf 15 Julie vir die veranderlikes in paragraaf (b) van Aanhangsel III.

6.8 Ondersøekingsmonitering

6.8.1 Indien, na die mening van die Streekdirekteur, 'n watergehalteveranderlike, wat onder die waarnemingsmoniteringsprogram (voorwaarde 6.7) gelys is, 'n stygende tendens toon, moet die Permithouer met 'n maandelikse moniteringsprogram vir die watergehalteveranderlikes gelys in Aanhangsel II begin.

6.9 Monitering na sluiting

6.9.1 Grondwatermonitering deur die Permithouer, in ooreenstemming met voorwaardes 6.7 of 6.8, moet onmiddellik na sluiting van die Terrein 'n aanvang neem en vir 'n tydperk van 30 jaar volgehou word, of vir 'n korter tydperk soos deur die Streekdirekteur bepaal.

6.10 Verdere monitering

6.10.1 Die Permithouer moet rekord hou van alle inligting waarna in Aanhangsel IV verwys word en dit jaarliks opdateer.

7. METODES VAN ANALISE

7.1 Die Permithouer moet alle toetse uitvoer ooreenkomstig die metodes voorgeskryf deur en verkrygbaar by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard (SABS), vermeld in die Wet op Standaard, 1982 (Wet 30 van 1982), om die monsters te ontleed wat geneem is tydens die moniteringsprogramme soos in voorwaarde 6 voorgeskryf.

7.2 Die Permithouer mag slegs van ander metodes van analise gebruik maak indien daar skriftelike bewys aan die Streekdirekteur gelewer word dat die metode ekwivalent is aan die SABS-metode.

8. REKORDHOUDING

8.1 Die Permithouer moet alle boorgatdata en chemiese analises in die formaat soos beskryf in Aanhangsel V, aanteken.

9. VERSLAGDOENING

9.1 Die inligting soos ingevolge voorwaardes 6.4 tot 6.9 vereis, moet aan die Streekdirekteur gestuur word binne 'n tydperk van 30 dae nadat die analise van die genoemde monsters gedoen is. Die inligting soos ingevolge voorwaarde 6.10 vereis, moet binne een jaar ná die datum van uitreiking van hierdie Permit aan die Streekdirekteur gestuur word en jaarliks daarna.

10. FINALE REHABILITASIE EN SLUITING VAN DIE TERREIN

10.1 Die Permithouer moet ten minste 60 dae voor die beoogde sluiting van die Terrein, die Streekdirekteur per

geregistreerde pos in kennis stel van die beoogde sluiting en finale, opgedateerde rehabilitasieplanne vir sy goedkeuring indien.


- 10.2 Onmiddellik nadat werksaamhede by die Terrein gestaak is met die doel om die Terrein te sluit, moet die oppervlak van die Terrein bedek word sodat -
- 10.2.1 geen poelvorming as gevolg van reën kan plaasvind nie;
- 10.2.2 die vrye oppervlakafloop van reënwater verseker word; en
- 10.2.3 geen voorwerpe of materiale op die Terrein voorkom wat die rehabilitasie daarvan kan belemmer nie.
- 10.3 Die Permithouer moet die Terrein ooreenkomstig 'n rehabilitasieplan, wat deur die Permithouer ingedien moet word en wat tot die tevredenheid van die Streekdirekteur sal wees, rehabiliteer.

11. VERHURING EN VERVREEMDING VAN DIE TERREIN

- 11.1 Indien die Permithouer die Terrein aan 'n ander persoon wil verhuur of vervreem, moet die Streekdirekteur ten minste 60 dae voor sodanige transaksie daarvan in kennis gestel word.

12. ALGEMEEN

- 12.1 Hierdie Permit is nie oordraagbaar nie.
- 12.2 Hierdie Permit moet nie op so 'n wyse vertolk word dat dit vrystelling verleen van voldoening aan die bepalings van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956) of enige ander toepaslike wet, ordonnansie, regulasie of verordening nie.



BESTUURDER: WETENSKAPLIKE DIENSTE
p.p. MINISTER VAN WATERWESE EN BOSBOU

DATUM: 1995.03.10

AANHANGSEL ILYS VAN GEVAARLIKE EN TOKSIESE STOWWE WAT SLEGS OP 'N KLAS H
TERREIN GESTORT MAG WORD

Sure en Alkalië
Antimoon en antimoonverbindings
Arseenverbindings
Asbes (stowwerige asbes en los vesels)
Bariumverbindings
Berillium en berilliumverbindings
Biododers en fitofarmaseutiese stowwe
Boorverbindings
Kadmium and kadmiumverbindings
Chroomverbindings
Koperverbindings
Gevaarhoudende heterosikliese organiese verbindings bevattende suurstof, stikstof of swael
Gevaarhoudende suurstof-, stikstof- en swaelverbindings van koolwaterstowwe
Anorganiese sianiede
Anorganiese halogeen-bevattende verbindings
Anorganiese swael-bevattende verbindings
Laboratorium chemikalieë
Loodverbindings
Mediese afval (weefsels, bloed, deppers, naalde, ens)
Kwikverbindings
Nikkel en nikkelverbindings
Organiese halogeenverbindings, met uitsondering van inerte polimeriese stowwe
Verwe en verfslik
Peroksiede, chlorate, perchlorate en asiede
Plaagdoders en insekdoders
Farmaseutiese en veeartsenykundige verbindings
Fosfor en fosforverbindings
Selenium and seleniumverbindings
Silwerverbindings
Teeragtige stowwe van raffinering en teeroorblyfsels van distillering, insluitende petroleum produkte
Tellurium en telluriumverbindings
Tallium en talliumverbindings
Vanadiumverbindings
Sinkverbindings
Afval met 'n flitspunt, soos gemeet met die geslote houer metode, laer as 60°C

AANHANGSEL IIWATERGEHALTEVERANDERLIKES WAT VEREIS WORD VIR
AGTERGRONDMONITERING EN ONDERSOEKINGSMONITERING :
VOORWAARDES 6.6 EN 6.8

Alkaliniteit (P. Alk)	Vrye- & gebonde ammoniak (as N) ($\text{NH}_4\text{-N}$)
Kalsium (Ca)	Boor (B)
Chroom (Totaal) (Cr)	Magnesium (Mg)
Chroom (heksavalent) (Cr^{6+})	Kadmium (Cd)
Chemiese suurstof eis (CSE)	Chloriede (Cl)
Sianied (CN)	Kwik (Hg)
Lood (Pb)	pH
Nitraat (as N) ($\text{NO}_3\text{-N}$)	Natrium (Na)
Fenol verbindings (Phen)	Elektriese geleidingsvermoë (EG)
Kalium (K)	Sulfaat (SO_4)
Totale opgeloste vaste stowwe (TOS)	

AANHANGSEL IIIWATERGEHALTEVERANDERLIKES WAT VEREIS WORD VIR WAARNEMINGS
MONITERING: VOORWAARDE 6.7

- (a) Alkaliniteit (P.Alk)
Chemiese suurstof eis (CSE)
pH
Totale opgeloste vaste stowwe (TOS)
Chloriede (Cl)
Nitrate (NO₃-N)
Kalium (K)
- (b) Jaarliks vir elektriese geleidingsvermoeë (EG), kalsium (Ca), magnesium (Mg),
natrium (Na), sulfaat (SO₄) en fluoriedes (F).

AANHANGSEL IV

INLIGTING WAT JAARLIKS VERSKAF MOET WORD: VOORWAARDE 6.10

J J J J M M D D

NAAM VAN TERREIN: _____ DATUM VAN VERSLAG

--	--	--	--	--	--	--	--

1. Geregistreeerde eienaar(s) van eiendom waarop stortterrein geleë is:
 Naam.....
 Posadres..... Telefoonkode & No
 Fakskode & No
 Poskode Teleks No

2. Naam van Operateur in beheer van stortterrein:

 Telefoonkode & nommer Na-ure
 Identiteitsnommer.....
 Opvoedkundige kwalifikasies (*). st 6

 diploma

 st 8

 hoër diploma

 matriek

 graad

 ander (spesifiseer).....

3. (a) Nuutste geskatte lewensduur van stortterrein jaar
 (b) Dui die toepaslike tipe afval en hoeveelhede wat gedurende die jaar gestort is aan:

Tipe afval	Hoeveelheid (m ³ per jaar)	Gekompakteer(G)	Ongekompakteer(O)												
<u>Nie-gevaarlike afval</u>															
Huishoudelike afval		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
Tuinafval		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
Bourommel		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
Industriële afval (nie-gevaarlik) - (spesifiseer).....		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
.....		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
TOTAAL		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
<u>Gevaarlike afval</u>															
- Ontvlambare vloeistowwe		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
- Ontvlambare vastestowwe		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
- Oksideermiddels		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
- Giftige stowwe		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
- Bytende stowwe		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
- Hospitaal afval en smetstowwe - (spesifiseer).....		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
.....		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						
TOTAAL		<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>							<table border="1" style="display: inline-table; vertical-align: middle;"><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr><tr><td> </td></tr></table>						

* Dui aan met 'n X

4.(a) Dui die metode van afvalstorting aan (*). Landopbouing Landvulling

(b) Dui die huidige afmetings van die terrein aan in meter.

Hoogte/diepte
 Lengte
 Breedte

5.Dui die afvaltipies en hoeveelhede aan wat gedurende die jaar herwin is. (*)

Geen herwinning is onderneem nie

Type	Hoeveelheid(m ³)	Type	Hoeveelheid(m ³)
<input type="checkbox"/> Papier/houtvesel	<input type="checkbox"/> Rubber
<input type="checkbox"/> Plastiek	<input type="checkbox"/> Tekstiele
<input type="checkbox"/> Glas	<input type="checkbox"/> Yster
<input type="checkbox"/> Koper	<input type="checkbox"/> Aluminium
<input type="checkbox"/> Sink	<input type="checkbox"/> Lood
<input type="checkbox"/> Fosfogips	<input type="checkbox"/> Poeierkoolas
<input type="checkbox"/> Afval vir kompostering	<input type="checkbox"/> Voedselreste
<input type="checkbox"/> Brandbare gasse	Ander
Ander	Ander
Ander	Ander

6.Dui die tipies, bronne en beraamde hoeveelhede beskikbare bedekkingsmateriaal aan (*).

Type	Bronne	Hoevelheid (m ³)
<input type="checkbox"/> Grond
<input type="checkbox"/> Sand
<input type="checkbox"/> As
<input type="checkbox"/> Gruis
<input type="checkbox"/> Klei
<input type="checkbox"/> Bourommel
Ander (spesifiseer)
.....
.....
.....

* Dui aan met 'n X

Handtekening
 Hoedanigheid
 Plek Datum

KONTOERPLAN
van
OUDTSHOORN MUNISIPALE
STORTINGSTERREIN
(NOVEMBER 2008)

BEKLEDE
BETONPLAFOND 110

OPV. 100
OUDTSHOORN 110

KONTOERPLAN

OPV. 100
OUDTSHOORN

OPV. 100
OUDTSHOORN

BENCH MARKS: ST1, ST2, ST3 12mm Ysterpan in beton
DUMPS 20mm Ysterpan in beton

GEPROKLANEERDE GEBIED ET/ST/WT/MT 12mm Ysterpan in klipstap (wit klip)
HOOGTES IN MIETER
HOOGTE VAN OORSPRONG
HOOGTE BO-REVENKAK
1m KONTOERINTERVAL

SKAAL 1:1000
VPM
VERLENING

